# 4 FebruarieJesaja 6:1-7 (1953-vert.) HK, Sondag 1

## *Ware troos vra kennis van hoe ek van my sondes en ellende verlos kan word*

Jesaja se roepingsvisioen hou nie op met die uitroep van sy onreinheid nie. Na hierdie uitroep ervaar hy die liefde en genade van die Here. Hy openbaar Hom aan Jesaja as die Verlosser. Hy stuur 'n seraf met 'n gloeiende kool van die altaar af na Jesaja. Die seraf het sy mond met die kool aangeraak en aan hom gesê: " ...jou skuld is weg en jou sonde is versoen". Die reiniging en versoening kan nie uit die mens self kom nie. Dit word van buite die mens bewerkstellig. Die Here eis dat sonde gestraf word en dat daar versoening gedoen word. Daar moes offers tot versoening en reiniging gebring word. Hier moes versoening vir Jesaja se sonde gedoen word, daarom die kool van die altaar af. Die offers het heengewys na die een groot finale offer van Jesus Christus waar Hy Homself geoffer het ter versoening van ons sonde. Hy het ons in sy bloed gereinig en ons regverdig verklaar.

God openbaar Hom in Jesus nie as die Een wat ons wil vernietig nie, maar as die Een wat ons wil verlos. Hy het ons sonde aan Jesus Christus gestraf. In Hom hoor ons: Jou skuld is weg en jou sonde is versoen.

Dit is jou troos as jy jou sonde en onreinheid besef. Dan laat God se heiligheid jou nie wegvlug van Hom af nie. Dan laat sy heiligheid jou juis na Hom toe vlug. By Hom alleen is verlossing van sondes in Jesus Christus.

Sing: Psalm 32:1 Ds. C.J.J. Putter (Koedoesrand)